**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Skryfvaardighede)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings (Afdeling A, B en C).
- Beantwoord slegs **DRIE** vrae.
  - Een onderwerp uit Afdeling A.
  - Een onderwerp uit Afdeling B.
  - Een onderwerp uit Afdeling C.
- Nommer jou skryfstukke presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

AFDELING A

**VRAAG 1**

**LANG SKRYFSTUK**

- Kies **EEN** vraag en voer dan die opdrag van **250 – 300 woorde** by daardie vraag uit.
- **Jy moet jou lang skryfstuk eers as ? rowwe kopie skryf en dan netjies oorskryf.**
- Volg die **opdrag** by elke skryfstuk.

1.1 My lewe kan nie meer dieselfde wees nie.

**OPDRAG:**

Vertel van die insident wat jou lewe verander het. Die inligting moet oor jou eie ervaring gegee word. Dink aan die volgende:

- Wanneer het dit gebeur?
- Wat presies is dit wat gebeur het?
- Hoe het jou pa of ma of ? geliefde jou in dié situasie gehelp?
- Hoe het jy van daardie tyd af gevoel? (40)

**ÓF**

**b.o.**

1.2 Die Wêreldvigsdag word elke jaar op 1 Desember herdenk.

**OPDRAG:**

Jy maak altyd seker dat jy hierdie seremonie of herdenking bywoon. Beskryf jou ondervinding van hierdie dag. Dink aan die volgende:

- Hoekom woon jy altyd dié herdenking by?
- Watter soort mense is altyd deel van die seremonie?
- Watter soort dinge word op hierdie dag gedoen?
- Dink jy dat so 'n herdenking belangrik is? (40)

**ÓF**

1.3 Is dit belangrik dat elke Suid-Afrikaner moet registreer om te kan stem?

**OPDRAG:**

Gee jou eie opinie oor die onderwerp. Redeneer of argumenteer **vir** of **teen** die onderwerp en sê wat elke Suid-Afrikaner na jou mening moet doen. Dink aan die volgende:

- Is dit belangrik dat die mense moet stem?
- Watter dinge het gebeur voordat die mense gestem het?
- Is daar enige veranderings noudat al die mense die reg het om te stem? (40)

**ÓF**

1.4 Jy het vroeër deelgeneem aan die atletiek of sokker of skoolkoor by jou skool en het baie trots gevoel.

**OPDRAG:**

- Vertel hoe jy gevoel het om vir jou skool deel te neem.
- Was daar miskien ? prys / pryse wat jy gewen het?
- Watter raad kan jy aan ander leerders uit jou ondervinding gee? (40)

**ÓF**

1.5 As jy in jou omgewing rondkyk, wens jy dat jy die president kon wees. Jy het sommer baie planne om dinge in die land te verbeter.

**OPDRAG:**

- Watter dinge sal jy vir Suid-Afrika en sy mense kan of wil doen?
- Watter veranderings kan jy in Suid-Afrika maak? Dink aan: die ekonomie, behuising, opvoeding, die sosiale lewens van die mense, ensovoorts.
- Wat kan jy ook vir die kinders en oumense doen?
- Gee die inligting in die toekomende tyd. (40)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

AFDELING B

**VRAAG 2**

**KORTER SKRYFSTUK**

- Kies **EEN** vraag uit hierdie afdeling.
- Jou skryfstuk moet **120 – 150 woorde** lank wees.
- Begin die vraag op ’n nuwe bladsy.

2.1 Gedurende die voorbereidingseksamen in September was jy op pad skool toe om Afrikaans te gaan skryf. Langs die pad het iemand jou oor die kop geslaan en al jou skryfbehoeftes gesteel. Jy was laat vir die eksamen.

**OPDRAG:**

Skryf **’n brief** aan jou Afrikaansonderwyser en vra toestemming om die vak op ’n ander dag te skryf. Dink aan die volgende:

- Waar en hoe laat het die insident gebeur?
- Hoe het jy gereageer?
- Wie het jou kom help?
- Wat het jy alles teruggekry? (20)

**ÓF**

2.2 Jy wil volgende jaar by ? technikon gaan studeer. Jy hoop dat jy toegelaat sal word. Jy reël ? afspraak met die rektor.

**OPDRAG:**

Jy en die rektor gesels oor die toelatingsvereistes en watter kursus jy moontlik kan neem. Skryf julle gesprek in **dialoogvorm** neer. Dink aan die volgende:

- Watter kursus wil jy studeer?
- Sê watter vakke jy vanjaar doen.
- Hoe lyk jou punte sover?
- Hoekom wil jy by daardie technikon gaan studeer? (20)

**ÓF**

2.3 Julle sit in ? Graad 12-klas sonder boeke. Julle kan die Graad 12-voorgeskrewe boeke nie in die hande kry nie. Julle besluit om die sentrumhoof daarvan te laat weet.

**OPDRAG:**

Skryf **’n verslag** aan die hoof van die sentrum en laat hom daarvan weet. Dink aan die volgende:

- Vir hoe lank sit julle al sonder boeke?
- Watter en hoeveel leerders sit sonder boeke?
- Watter boeke is nog nie ontvang nie?
- Hoekom is dit belangrik dat julle die boeke moet kry?
- Waar trek die jaar al?
- Wat is die implikasie van die probleem? (20)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [20]**

AFDELING C

**VRAAG 3**
**FUNKSIONELE SKRYFSTUK**

- Kies **EEN** vraag uit hierdie afdeling.
- Jou skryfstuk moet **120 – 150 woorde** lank wees.
- Begin die vraag op ’n nuwe bladsy.

3.1 Jy is al drie jaar lank sonder werk. Jy het by ’n polisiedepartement sonder betaling werk gaan doen en het dit baie geniet.

**OPDRAG:**

Stuur ? **faksboodskap** aan die polisiedepartement en sê hoe jy dit geniet het om vrywillig by hulle te werk. Teken die faksvorm in jou antwoordboek en vul die inligting in.

**FAKSVORM**

| | |
|---|---|
| Aan: | |
| Departement: | |
| Faksnommer: | |
| Telefoonnommer: | |
| Van: | |
| Kontaknommer(s):<br>Getal bladsye: | |
| Datum: | |

**INHOUDSOPSKRIF**

**BOODSKAP**

Dink aan die volgende:

- Hoekom het jy besluit om sonder betaling te werk?
- Watter dinge het jy by die werk geleer?
- Watter voordeel het die ervaring by hulle vir jou toekoms?
- Watter werk het jy geniet en waarom?
- Noem ook die nadele.

Handtekening: (20)

**ÓF**

**b.o.**

3.2 Jy was by ’n bank toe die bankrowers ingestorm het om die bank te beroof. Die bankbestuurder het ’n paar kliënte gevra vir idees oor hoe hulle die sekuriteit kan verbeter en wat om te doen as daar ? bankroof is.

**OPDRAG:**

Skryf die inligting wat jy ontvang het in die vorm van **instruksies** wat die bank op ? plakkaat wil publiseer. Gebruik die volgende idees vir jou eie opskrifte en skryf telkens volledige instruksies neer.

- Die soort sekuriteit by die deur en binne die bank.
- Die verantwoordelikhede van die personeel binne die bank.
- Hoe die bank van die kliënte verwag om op te tree binne die bank.
- Die pligte van die bankbestuurder.
- Wat word verwag indien daar ? bankroof is? (20)

**ÓF**

3.3 As sekretaris / sekretaresse van ’n organisasie, **Mense Teenoor Kinder-mishandeling**, moet jy die **notule** van julle organisasie skryf.

**OPDRAG:**

Skryf **die notule** van die organisasie met verwysing na die volgende agenda:

1. Verwelkoming.
2. Presensielys.
3. Verskonings.
4. Notule van die vorige vergadering (Noem ten minste twee sake en skryf ongeveer tien woorde oor elkeen.)
   4.1
   4.2
5. Nuwe sake: (Skryf ongeveer 100 woorde oor die volgende sake.)
   5.1 Nuwe probleme wat gerapporteer is.
   5.2 Plekke waarheen kinders wat mishandel word, geneem kan word.
   5.3 Opleiding van mense wat wil help om kindermishandeling te beveg.
   5.4 Rehabilitasie-hulp aan mense wat kinders mishandel.
   5.5 Verkiesing van die nuwe komitee.
6. Algemeen:
   6.1 Datum van volgende vergadering.
   6.2 Afsluiting.
7. Datum van volgende vergadering.
8. Afsluiting.

Datum:
Voorsitter:
Sekretaris: (20)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**